Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

PENSIOENE OMSENDSKRYWE 4 VAN 2023

Aan: Alle deelnemende werkgewers van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

FINANSIËLE GEDRAGSOWERHEID: GEDRAGSSTANDAARD 1 VAN 2022 *(FINANCIAL CONDUCT AUTHORITY CONDUCT STANDARD 1 OF 2022)* NUWE INLIGTING

In my omsendskrywe 3 van 2023 het ek aan u meegedeel waaroor Artikel 13A van die Pensioenfondswet gaan asook wat die nuwe vereistes was. Die nuwe vereiste het gegaan oor werkgewers wat ook hul inligting op die web moet aanbring.

Op daardie stadium was ons onder die indruk dat die elektroniese veld op die web om die inligting te kan aanbring, oop was vir alle werkgewers. Dit was natuurlik nie die geval nie en het hierdie kantoor en deelnemende sinodes baie navrae hieroor gehad. Ons vra om verskoning vir die verwarring wat dit veroorsaak het.

In gesprekke met Sanlam, is ‘n proses in werking gestel om die vasvang van die data te vergemaklik. Omdat Sanlam reeds oor die Artikel 13A persoon se inligting en aan watter gemeentes/instellings hy/sy gekoppel is beskik, gaan *Sanlam Corporate* (SC) op 18 Julie 2023 ’n epos aan al die gemagtigde persone stuur. Hierdie epos sal verduidelik wie ‘n ‘Artikel 13A persoon’ is en wie ‘n ‘STeP persoon” is. Hulle gaan u versoek om ‘n sigblad (*spreadsheet* of *excel* blad) te voltooi en hierdie voltooide blad, aan hulle terug te stuur.

Sanlam sal dan hierdie inligting gebruik om die werkgewers se datavelde op te dateer. U moet steeds sorg dat u lede se inligting soos versoek, op die web aangebring word, indien u dit nie reeds gedoen het nie. Dit is soos volg:

- Inkomstebelasting nommer
- Woon adres
- Fisiese adres
- Kontakbesonderhede
- E pos adres

Baie dankie vir u samewerking. Geniet die winter, ‘n nuwe seisoen is om die draai!

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith